

8 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 12:1-13:46 (OAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 12:8

God reinig sy kinders

Ons kry in die Ou Testament allerlei voorskrifte rondom reinheid en onreinheid. 'n Mens moet hierdie onderskeid verstaan om die bedoeling van die Here met die wette wat hy rondom hierdie saak gee, te verstaan. Ten diepste gaan dit daaroor dat die Here self heilig is en geen onrein persoon in sy teenwoordigheid mag kom nie. Veral twee toestande kon die mens onrein maak – sonde en kultiese (godsdiensstige) onreinheid. In Levitikus word verskeie van die sake wat 'n mens veral kulties onrein kon maak bespreek. Die geboorte van 'n kind was vir 'n vrou een van hierdie sake. Nie dat 'n kind 'n onreinheid is nie! Inteendeel, kinders is 'n geskenk van die Here (Ps 127:3) en God ken ons kinders al tydens die ma se swangerskap (Ps 139:13 vv)! Maar die bloeding en afskeidings van 'n vrou wat geboorte geskenk het, maak *haar* kulties (godsdiensstig) onrein – 'n gevolg van die sondeval. Die gevolg was dat sy nie in al die voorregte van die tempeldiens en ander godsdiensstige bedrywigheide van die Joodse vrou kon deel nie. In ons Skrifgedeelte word die voorskrifte gegee oor hoe hierdie kultiese onreinheid opgehef word: 'n Brandoffer – gewoonlik 'n lam, en 'n sondoffer – 'n duif. Maar hier word 'n uitsondering gemaak: – 'n arm vrou mag twee duiwe vat, een in die plek van die lam. 'n Uitsondering wat eeue later gebruik word deur Maria, die moeder van Jesus (Luk 2:24). En Jesus word uiteindelik die finale offer wat alle skeiding tussen God en mens verwyder deur sy versoeningswerk! Deur Hom is alle gelowiges ook kulties rein.

Sing: Skrifberyming 8:1,2

Dr AJ Krüger (Barberton)